En het julle die ook met knuppelloop uitmekaar gejaag? — Ons het die ook met knuppelloop uitmekaar gejaag.

Toe? — Toe ons by die groep kom van 500, het ek gesien dat 'n Bantoesman voor hulle staan en hulle toespraak. Toe ons nader kom, het die Bantoesman na luit. Fourie gekom en luit. Fourie het hom gevra wie hy is. Ek het vasgestel sy naam was Thomas Hore, en luit. Fourie het vir hom gevra wat hulle maak. Hy het gesê hulle wil vergadering hou. Luit. Fourie het aan hom gesê dat hulle nie 'n vergadering kan hou nie aangesien hulle nie toestemming het nie, en dat dit onwettig is om 'n vergadering te hou. Lateraan het kapt. Cawood weer by ons aangesluit. Die Bantoesman,

— Thomas —

Thomas More, het toe na kapt. Cawood-toe gekom, toe kapt. Cawood na hulle kom, en aan kapt. Cawood gesê dat hulle vergadering hou. Kapt. Cawood het weer aan hom gevra of hulle toestemming het om 'n vergadering te hou. Hy het geantwoord dat hulle aansoek gedoen het vir toestemming maar nog geen antwoord gekry het nie. Kapt. Cawood het vir hom gesê dat dit onwettig is om 'n vergadering te hou. Hy het aan hulle gesê hy gee hulle vyf minute tyd om hulle wapens neer te lê en uitmekaar te gaan. Die Bantoeman het geweier. Hy het gesê hulle sal dit nie doen nie, en hy het gesê hy wil eers met sy mensse praat. Hy het toe na die groep-toe gestap en met hulle gepraat, en na 'n paar minute teruggekeer. Toe hy naby ons gekom het, het hy sy hande in die lug opgesteek en vir die groep gewink om nader te kom. Die groep het nader gekom, kleries in die lug geswaai en 'n dreigende houding aangeneem. Kapt. Cawood het ons beveel om hulle ook met 'n knuppelloop uitmekaar te jaag, wat ons gedoen het. Baie van hulle het hulleself teëgesit en teruggetrek, en is platgeslaan. Toe is die groep uitmekaar. Toe het hulle weggehardloop.

Het julle tot op daardie stadium enige skote afgeskiet, behalwe die twee wat u elders van gepraat het, wat in die grond geskiet is? — Die enigste twee skote wat deur die Polisie afgeskiet was, was die wat in die grond afgeskiet was deur kapt. Cawood, maar toe die groep uitmekaar gehardloop het, het ek skote gehoor wat van hulle kant af gekom het. Ons het in die rigting gegaan vanwaar ons die skote gehoor het, maar kon niemand daar kry nie. Die persone wat die skote afgevuur het, het blykbaar toe alweer verdwyn.

DIE VOORSITTER: Hoeveel lede van die Mag was daar toe? — Ons was ongeveer 22 Blankes, en ongeveer 30 na 40 Nie-Blankes.

En was u die enigste groep wat toe in die lokasie gepatrolleer het? — Ons was die enigste groep wat die hele lokasie gepatrolleer het.

Was daar enige ander kleiner groep wat miskien elders in die lokasie gepatrolleer het? — Nee, ons was die enigste groep.

VERHOOR HENVAT: Hoeveel skote praat u van, wat u gehoor het? — Ek kan nie presies sê hoeveel skote ek gehoor het nie; dit was twee of drie gewees.

Kan jy seker wees dat dit nie afkomstig was van vuurwapens van die Polisie nie? — Nee, dit was definitief nie, want die Polisie was op daardie stadium bynkaar gewees, en as een van hulle gevuur het, sou ek dit definitief baie duidelik gehoor het.

Het die koeëls niemand getref, wat jy van weet nie? — Die koeëls het niemand getref nie.

Wat het toe verder gebeur? — Daarna het ons nie weer groepe raakgehoop nie, en ek en 'n paar manskappe is toe met een voertuig na 'n ander gedeelte van die lokasie, en daar te gaan patrolleer. Ongeveer ses - terwyl ons gepatrolleer het en dit begin lig word het, dat die mense moes werk-toe gaan, het ons oral groepies van twee, drie, na vyf gekry wat op die hoeke van die strate gestaan het. Ons het vir hulle gevra wat die moelikhed is, en almal het gesê hulle kan nie werk-toe gaan nie, hulle word voorgekeer en aangerand en hulle is

— bang —

bang om werk-toe te gaan. Later, ongeveer 6.30 na 7-ur se kant-toe, het ons weer na die hoofstraat, Seeise-straat, gegaan. Dié straat was toe vol Bantoes gewes. Daar was ongeveer 5,000 na 6,000 Bantoes daar.

Wat het hulle gemaak? —Hulle het almal in die rigting van die Munisipale Kantore in Vereeniging gestap. Al die Polisie wat toe op diens was, is toe voor die Munisipale Kantore saangetrek, want dit het toe onmoontlik geraak om die straat verder te patroleer, met die groot aantal Naturelle daar. Daar is toe gestuur vir traangasbomme. Die Bantoes het daar - ons het voor die Munisipale Kantore gestaan en die groep Bantoes het gekom tot by ons, en ons het hulle daar voorgekeer maar hulle het al hoe meer geword - aangewas. Toe die traangasbomme opgedaag het, terwyl hulle daar gestaan het, het van die jong Bantoes op-en-af voor die groep marsjeer, hulle duine in die lug opgesteek en "Afrika!" geskree. Baie van hulle was met stokke en kieres gewapen en toe die traangasbomme aangekom het, is drie of vyf traangasbomme tussen die voorste gelede gegooi. Hulle het offe teruggestaan, maar die traangas het blykbaar nie 'n baie goeie uitwerking gehad nie.

Waarom nie? — Die wind was baie swak gewes. Daar het 'n baie effense windjie gewaai op daardie stadium.

Wat het jy werklik nodig vir traangas; het jy wind nodig? — Jy het wind nodig - nie baie sterk wind nie, maar jy het wind nodig om die gas na die skare te waai, wat jy wil uitmekaar dryf.

Neem dit, as die wind na jou kant-toe waai kan

Jy dit nie gebruik nie? — Dan kan jy dit gladnie gebruik nie, want dan kom jy self in die slag.

Die klomp jong Naturelle wat so doenig was aan die voorkant van die skare, het jy van hulle geken? — Ek het nie van hulle geken nie. Voor die skare was daar ook baie kinders gewees. Soos ek sê, die meeste aan die voerpunt, was kinders gewees.

DIE VOORSITTER: As jy praat van kinders, wat bedoel jy? Watter ouderdom? — Ek sou sê van ontrent ses jaar na veertien.

VERHOOR HERVAT: Aan die voerpunt van die skare? — Aan die voerpunt van die skare.

waar
Waarom was die jong Bantoes dan wat u van gepraat het? — Hulle was heel voor gewees, en agter hulle was die kinders gewees, en dan die volwassenes.

Was daar enige teken waarvolgens jy die jong Naturelle wat so doenig was, kon identifiseer as 'n sekere klas, groep of iets? — Hulle was doenig gewees daar en hulle het marsjeer, hulle duime opgesteek, met die groep gepraat. Ek het die idee gekry dat hulle ook van die leiers van die optog is.

Maar wat ek bedoel, hulle het geen teken aan hulle gedra, aan hulle kiere nie? — Hulle het tekens aan hulle lapelle gedra, waarey gestaan het "Away with passes" en sulke slagspreke.

Daar was nie 'n teken wat aangetoon het dat hulle aan 'n sekere organisasie behoort nie? — Nee; ek het nie so'n teken gesien nie.

Hoe was die skare, wat u sê ontrent 5,000 tot 6,000 was? Was hulle gewapen, of nie? — Hulle was gewapen, ja, met kieres.

Tot hoe 'n mate? — Die wat ek gesien het, voor - agter kon 'n mens natuurlik nou nie sien nie, behalwe die wat hulle kleries in die lug geswaai het; die wat voor was, het ontrent elkeen 'n klerie by hom gehad. Daar sou miskien hier en daar een wees wat nie gehad het nie, maar ongeveer almal het gehad.

Toe die traanges nie 'n sukses was nie, wat het julle toe aangewend? — Maj. van Zyl het toe by die toneel opgedaag, en hy het met die Bantoes gaan praat. Wat hy vir hulle gesê het, kon ek nie hoor nie want die lawaai was groot. Maar ek het gesien dat hy sy vyf vingers in die lug opsteek en vir hulle sê wys (dui aan - oop regterhand, met palm na vorentoe). Hy het dit tweemaal gedoen. Daarvan het ek afgelei dat hy hulle ook vyf minute kans gegee het om uitnekaar te gaan. Kort daarna het hy ons beveel om hulle met 'n knuppelstomloop terug te dryf. Hulle het teruggeshardloop in Secise-straat, party met systratjies op, en in die duiklegte, voordat die eintlike lokasie begin, het hulle weer gaan staan. Waar hulle gestaan het voor ons hulle met die knuppelloop uitnekaar gejaag het, het oral hope klippe gelê wat deur hulle bynekaar gemaak is, blykbaar met die doel om die Polisie daarmee te geel. Die klippe was verskillende groottes. Daar was selfs groot klippe by gewees.

Was dit hope klippe wat daar gelê het, voorheen?
— Hoo; dit het in die middel van die pad gelê.
Dit was nie voorheen daar gewees nie.

Gedurende die knuppelloop, wat was hulle reaksie?

— Die —

— Die skare het gevlug. Die kleintjies was veer gewes, maar almal het gevlug, die systrate op, en toe hulle in die lokasie weer kom, het hulle gaan staan en vir ons gewink ons moet naderkom. Ons het nader gegaan. Hulle het gewink, kieries geswaai, en toe ons die lokasie ingaan dat ons deur die laagte gaan, het hulle ons onder die klippe gesteek.

Hee ernstig was die aanval met klippe? — Daar was honderde - baie klippe gegooi. Die klippe het as't ware op ons gereën. Verskeie klippe het my byna selfs getref, en van die mure en voertuie is deur die klippe getref.

Wet u die name van persone wie getref was? — Konst. Coetzee van Vereeniging het 'n wond aan die kop opgedoen.

Wat was die deel van die groot skare aan te val en uitom te jaag? — Dit het geblyk dat die skare na Vereeniging was marsjeer. Hulle was op pad na Vereeniging, en om te verhoed dat hulle na Vereeniging kom en miskien die blanke gebied hier oorval, het ons dit ons plig geag om hulle in die lokasie te hou en te verhoed dat hulle na Vereeniging-toe kom.

Verder? — Na die klipgeciery, was ons al 'n hele entjie in die lokasie in. Nadat die klipgeciery 'n bietjie bedaar het, het baie kante ons van agter omsingel. Hulle het uit agterplase oor draie gesyring, en hulle geleidere het toe aangewas tot saak entrent 10,000. Ons was toe heeltemal omsingel - veer, agter en aan die kante. As ons stilgestaan het, het hulle stilgestaan, maar vir ons gewink ons moet naderkom. Hulle het 'n entjie van ons af gegaan en vir ons gewink

ons moet naderkom. Net sodra ons beweeg, het hulle ons weer onder die klippe gesteek.

Hoeveel man was julle toe bymekaar? — Ons was toe ongeveer nog dieselfde - 20 tot 22 blankes en ongeveer 30 na 40 nie-blankes. Die tweede keer, toe hulle ons onder die klippe steek, was ons van alskante omsingel - van die kante, van voor en agter, en ons lede was toe in onmiddellike gevaar gewees. Daar is op die skare gevuur deur die Polisie. Ek het nie gesien dat van hulle getref is nie. Hulle het toe weer uitmekaar gehardloop, weer in agterplase in en in systrate op.

Julle knuppellope vrees die nag, was tot 'n mate suksesvol; het julle dit toe nie weer probeer nie? — Ons het dit weer probeer, daar, maar toe het hulle ons met klippe begin gooi. Die gevolg was, ons kon nie ...

Toe julle daar omsingel was, toe ^{het} julle nie weer 'n knuppelloop probeer nie? — Toe het ons nie meer 'n knuppelloop probeer nie want sodra ons begin beweeg het, het hulle ons onder die klippe gesteek.

U sê daar is toe 'n paar skote gevuur? — Daar is toe 'n paar skote op hulle gevuur. Ek het ook gehoor dat daar vanuit die skare twee skote gevuur is. Van watter rigting dit gekom het, kan ek nie sê nie. Dit was nadat ...

U het voorheen gesê van skote wat uit die skare gevuur is? — Dit was die vorige nag gewees.

Dit is nou 'n ander geleentheid? — Hierdie is 'n ander geleentheid.

Ken jy sien vanwaar dit kom? — Ek kan nie sien

— vanwaar —

vanwaar dit kom nie.

Maar kan jy seker wees dat dit van die skare af gekom het? — Die skote is afgevuur voordat die Polisie gevuur het. Dit het definitief van die skare gekom.

Het jy self geskiet? — Ek self het nie geskiet nie.

Wat het u toe gedoen? — Daarna het maj. van Zyl vir hoofkonstabel Heyl, myself en ongeveer ses blanke konstabels met die landrover na die Polisie-stasie gestuur. Ons het deur die skare gery; hulle was baie briesend gewes, en ons het met 'n systraat-jie na die Poliestasie gegaan.

Niskien kan u vir ons met sê, van waar die skare gewes het, na die Poliestasie — is dit nou op pad na Vereeniging? — Dit was op pad Vereeniging-toe.

Het ander woorde, die Poliestasie is nou tussen Vereeniging en waar die skare was? — Nee, die skare was tussen die Poliestasie en Vereeniging.

Die Poliestasie was dus dieper in? — Dieper in die lokasie.

Verstaan ek nou, eers wou julle hulle wegkeer van Vereeniging af? — Vanaf Vereeniging wou ons hulle wegkeer en hulle in die lokasie hou.

Maar nou gaan julle by hulle verby, na die Poliestasie? — Ons het toe met 'n systraat na die Poliestasie gegaan.

Hulle was nou vry om na Vereeniging te gaan as hulle wou? — Nee; dit was alreeds ongeveer ag lede

wat na die Polisiestacie gegaan het; die ander het daar gebly, onderbevel van maj. van Zyl. Halle was nie alleen daar gelos nie. Met ons aankoms by die Polisiestacie, voor die Polisiestacie, in Kinnane-straat, was daar ongeveer 5,000 Bantoes saamgedrom, voor die Polisiestacie. Halle het die pad versper. Ons het deur hulle gery. Sover ons gery het, het hulle hul duime in die lug opgesteek, "Afrika!" geskree; hulle was baie oproerig, en meeste van hulle was gewapen met kieries en selfs ysters. Party van hulle het hulle vuiste opgesteek en vir ons vuis gewys; andere het hulle kieries in die lug geswaai. Ons het niks gedoen nie, en by die agterplaas van die Polisiestacie ingery, waar ons die voertuig parkeer het. Toe is ons by die Polisiestacie in. Ek het voor uitgegaan en gesien dat 'n Bantoesman wie ek later vasgestel het Solo is, aan die binnekant van die draad loop en heen-en-weer voor die skare op-en-af loop, met hulle praat en die "Afrika!" -teken gee, duim in die lug; en dit was duidelik dat hy 'n leier van die skare was wat daar saamgedrom het.

DIE VOORSITTER: Watter taal het hy gepraat?
---Hy het Bantoe-taal gepraat. Ek verstaan nie hulle taal nie.

VERHOOR HERVAT: Met ander woorde, hy was nou binnekant die omheining van die Polisiestacie? --- Hy was binnekant die omheining, ja.

En die skare was buitekant? --- Was buitekant gewees.

En a sê die skare was omtrent 5,000? --- Halle was ongeveer 5,000, ja.

En volg ek u reg - dit was nou 'n skare wat heeltemal afsonderlik was van die ander 10,000? ---Ja.

Die skare het ook geleidelik aangegroei, en ek het gesien dat baie van hulle vanaf die rigting kom waar die ander skare gewes het, in die hoofstraat. Later het ek gesien dat Thomas More, die een wat die vergadering die oggend toegesprek het, ook aan die binnekant van die omheining op-en-af loop en ook met die skare praat. Dit was duidelik gewes dat hy ook een van hulle leiers was, maar ek kon ook nie hoor wat hy aan hulle sê nie.

Hy was aan die binnekant van die draad? --- Hy was aan die binnekant van die draad.

Hoe het hy gehandel? --- Hy het ook geleop en sy duim in die lug opgesteek, sover as hy gegaan het, met die skare gepraat het, en op-en-af langs die draad geleop en met hulle gepraat. Elke keer, as hy vir hulle sê, het die skare hom toegejuig, duim in die lug opgesteek.

DIE VOORSITTER: As jy sê "hulle was binnekant die draad", bedoel u hulle was op Polisieterrein? --- Hulle was op Polisieterrein gewes.

VERHOOR HERVAT: Hoeveel man was julle op die Polisieterrein op daardie stadium? --- Op daardie stadium was ons net ongeveer ses blankes, en ongeveer ses nie-blankes. Ons was nie meer as twaalf gewes nie.

Watter tyd was dit ontrent? --- Dit was ongeveer 10 v.m., op die 21e.

Wat het u verder gedoen? --- Lateraan het luit. Visser daar opgedaag, en ek het gesien dat hy met Solo gepraat het. Wat hulle gepraat het, weet ek nie.

Ek was nie by nie. Ek was in my kantoor gewees, en ek het net deur die venster gesien dat hy buitkant is en met hom praat. Die skare het nog steeds aangegroei, en al hoe meer oproerig geraak. 'n Tydjie later het van die straalvliegtuie van die Weermag oor die skare gevlieg.

- VERDAAG: 11.15 v.m. -

- HERVAT: 11.45 v.m. -

JOHANNES LODEWIGUS GROBLER, nog onder eed:

VERHOOR DEUR MNR. GLAASSEN HERVAT: Sersant, ek dink ons het gekom waar die straalvliegtuie oor die skare gevlieg het? --- Ja, dit is reg.

Op watter wyse was dit gesien? --- Dit was ongeveer 11.40 v.m. toe hulle daar aangekom het. Hulle het hoog in die lug gevlieg, en dan op die skare neergeduik. Die skare - party van hulle het hulle vaiste vir die vliegtuie gewys. Ander het vir die vliegtuie gewaai. Ander het hede en ander artikels in die lug opgegooi, na die vliegtuie.

Daar was nie gekiet uit die lug nie? --- Daar was nie gekiet uit die lug nie.

Hooveel vliegtuie was daar? --- Daar was ongeveer vier - vyf vliegtuie gewees.

Hoe lank het dit geduur? --- Dit het ongeveer vyftien minute geduur.

Het die skare daardie uitson gegaan? --- Dit het geen uitwerking op die skare gehad nie. Die skare was teen daardie tyd baie opstandig; hulle was dreigend gewees. Hulle het hulle vaiste gewys, en

--- hieries ---

kieries geswaai, en baie geraas.

En jy sê dit was omtrent 11 v.m.? --- Dit was omtrent 11.40 v.m.

Wat het geword van die manskappe wat agter gebly het by die groot skare; het hulle by daardie tyd aangesluit by die Polisiestasië? --- By daardie tyd het geen versterkings nog by ons aangesluit nie.

En wat was jou skatting van die grootte van die skare teen daardie tyd? --- Teen daardie tyd was die skare ongeveer 10,000.

DIE VOORSITTER: Is daar 'n groot, oop perseel om die Polisiestasië? --- Die straat is baie wyd om die Polisiestasië, veral aan die Suidekant. Aan die Noordekant is daar 'n hele, oop stuk veld.

Tienduisend is baie mense? --- Nee, daar kon maklik 10,000 gewees het.

Het jy al voetbalwedstryde bygewoon? --- Ja.

VERHOOR HERVAT: Sersant, is daar nou ruime rondom die Polisiestasië vir mense om te vergader? --- Ja.

Alle kante? --- Alle kante van die polisiestasië.

En aan watter kant van die Polisiestasië was hierdie groot skare? --- Die grootste groep was aan die West- en aan die Suidekant van die Polisiestasië. Aan die Noordekant was daar ook; aan die Oostekant kon ek nie sien nie.

Jy sê dit het geen uitwerking gehad nie; en het julle toe later versterkings bygekry? --- 'n Rukkie daarna het 'n vragmotor vanaf Johannesburg opgedaag, met blanko versterkings. Terwyl die vragmotor deur die skare gery

--- het ---

het na die Polisiestasio, het die skare hulle gedreig, hulle vaiste vir hulle gewys, vir die bemanning op die vragmotor, en baie het kleries in die lug geswaai, en hulle was baie dreigend en opstandig gewes.

Maar moes hulle deur die skare gaan om binne in die Polisiegrondse te kom? — Hulle moes deur die skare ry en binne in die Polisiegrondse te kom.

DIE VOORSITTER: Het die skare vanself padgegee? — Hulle het padgegee as die lorry aankom, maar hy moes baie stadig beweeg. By tye moes hy stilhou en nie van hulle raak te ry nie, want hulle kon nie betyds padgee nie.

Is daar enige voorwerpe na die bemanning of na die motor gegooi? — Ek het nie voorwerpe gesien wat na hulle gegooi was nie.

VERHOOR HERVAT: Ja? — Lateraan het nog versterkings opgedaag. Kolonelle Spangler, Prinsloo en Pienaar het ook opgedaag, saam met versterkings. Daar het ook vyf saracen pantsermotors opgedaag.

Was dit voor kolonelle Spangler en Prinsloo? — Dit was min of meer dieselfde tyd. Ek sal nie presies kan sê wie eerste gekom het nie.

Die wracons, is hulle ook in die persele in? — Hulle is ook in die persele in. Soos die versterkings aangekom het, het die skare vir hulle vaiste gewys, vir hulle gewink en uitgejou.

En wat van die skare; het hulle afgeneem, of toegeneem? — Die skare het toegeneem.

Verder? — Terwyl die versterkings aangekom het, het van die Bantoes wat buitekant die draad staan, die

hek oopgemaak en van hulle het in die Polisiegronde ingehardloop, hulle arms geswaai, met kieries in die hande; maar hulle was deur hulle makkers weer voorgekeer en weer uitgeneem. Baie van hulle het heen-en-weer oor die draadheining gesprong. Die twee leiers wat binnekant geloop het, het nog steeds open-af geloop, dan het hulle gewys vir die skare met hulle hande; dan het die skare bedaar, die lawaai het bedaar; dan het hulle weer duime gewys, soos 'n dirigent, en dan was die rumoer, die lawaai vreeslik groot gewees. Dan het hulle ook hulle vuiste in die lug opgesteek, kieries in die lug rondgeswaai, tot hulle weer vir hulle wys hulle moet 'n bietjie bedaar.

En die manne wat u elders in die lokasie agtergelaat het, het hulle ooit bygekom by die stasie, of nie? —Hulle het nie by die stasie gekom nie. Hulle is by 'n punt aan die Westekant van die stasie, in Siwano-straat, bymekaar getrek.

Kol. Pienaar - was hy ook daar? —Hy was ook teenwoordig gewees.

Het hy en kol. Spangler en kol. Prinsloo saam daar aangekom? —Sover ek weet, het hulle nie met dieselfde voertuig daar gekom nie, maar hulle het min of meer dieselfde tyd daar aangekom.

En wie het toe bevel oorgeneem? —Kol. Pienaar het bevel oorgeneem.

Voor die skietery plaasgevind het, was daar enige ander voorvalle gewees? —Kol. Spangler het die een leier gaan arresteer by die draadheining, en hom in die Polisiegronde ingeneem, na die kantore-toe. Hy het daarna teruggegaan en die tweede een gearresteer,

hom teruggeneem, en hy het weer uitgegaan om 'n derde te arresteer wat aan die binnekant van die draad was. Terwyl hy die Bantoe wou arresteer, het ek gesien dat daar 'n stoolery ontstaan tussen hom en 'n aantal Bantoes, wat toe ook oor die draad gespring het en deur die hek gekom het. Die hele skare het toe vorentoe gestorm en die draadheining half omgeleef.

Vóór die tyd, was hulle nou weg gewes van die draadheining af, of hoe? — Nee, hulle het by die draad gestaan, maar terwyl die stoolery nou daar plaasvind, terselfdertyd is die Polisie ook onder die klippe gesteek. Toe die stoolery begin het tussen kol. Spengler en die Bantoes, toe het die skare onmiddellik die Polisie onder die klippe gesteek. Die Polisie was toe alreeds in enkel gelid opgestel gewes, binnekant die draad.

Onder bevel van? — Onder bevel van kol. Pienaar.

Toe hy hulle opgestel het, was daar 'n bevel gegee om te laai, of nie, of het dit later gekom? — Ek weet nie of daar 'n bevel gegee is om te laai nie. Indien daar wel een gegee is, sou dit onhoorbaar gewes het want die lawaai was te groot. Ek het nie 'n bevel gehoor, daar, wat gegee was nie.

Om eers stil te staan by Spengler; toe hy die drie persone gearresteer het, het hy hulle net geneem, en die kantoor in gevat, of het hy met hulle eers gepraat, of watter? — Nee, hy het hulle net binnekant-toe geneem.

Tot op daardie stadium, was daar enige versoek gerig aan die Polisie deur die skare as geheel, of

— mondstuk —

mondstuk van die skare? — Daar was geen versoek gewees nie.

Was julle nie gevra om hulle te arresteer nie? — Ek het nie gehoor dat so-iets gevra was nie. Ek weet nie wat die leiers miskien vir iemand anders gevra het nie, maar ek het nie gehoor nie; die skare het net lawaai gemaak. Ek kon nie hoor dat hulle enige versoek rig nie.

Jy sê jy kon nie bevale hoor wat kol. Pienaar gegee het nie? — Bevale kon ek nie hoor nie. Alleenlik wanneer jy 'n bevel daar sou gehoor het, was indien jy lange hou gestaan het, en dan sou jy ook goed moes luister want die lawaai was oorverdowend gewees.

Die klippe wat gegooi was, na wie was dit gegooi? — Dit was na die Polisie gegooi wat opgestel was.

Uit een oord alleenlik? — Uit die Westekant.

Was die skare by daardie tyd nog meer aan die Westekant as aan die ander kant? — Hulle was meer aan die Westekant as aan die ander kante.

Het daar geen klippe van die ander kante af gekom, wat jy gesien het nie? — Aan die Suidekant kon ek nie sien nie. Ek het in 'n posisie gestaan waar ek net aan die Westekant kon sien.

En die linie wat toe opgestel is, het na die Westekant gekyk, na die groot skare? — Na die groot skare, ja.

En hoe ver van die draad af, omtrent? — Ongeveer ses na ag treë van die draad af.

En hoe org was die klipgooiery toe? — Daar was baie klippe gegooi.

En het die klipgooiery alleenlik begin na die insident, die derde arrestasie wat Spangler wou maak? — Dit is toe die klipgooiery begin het, ja.

Kan jy ons meer besonderhede gee omtrent die klipgooiery? — Die klippe was vanuit die skare gegooi. Jy kon nie sien wie dit gooi nie. Dit het van agter gekom, en van orals. Toe die klipgooiery op sy ergste was, het die skare na vore gebeur, die draad half plat gedruk en dit het gelyk asof hulle op die Polisie gaan afstom.

DIE VOORSITTER: Watter soort draadheining is dit? — Dit is hierdie gewone diamant-ogiedraad.

Hoe hoog? — Dit is ongeveer vier-vyf voet hoog.

Hoe sterk was die draad? — Die draad was sterk gewees.

VERHOOR HERVAT: Tot hoe 'n mate het hulle die draad ongedruk? — Die draad is party plekke tot ongeveer 45° ongedruk gewees.

Op daardie stadium, wat was jou sienswyse van moontlike gevaar? — Op daardie stadium, indien hulle die skare toegelaat het om verder vorentoe te kom en handgemeen met die Polisie te raak, sou die Polisie nie 'n kans gehad het om hulle te oorrampel nie; dan sou die Polisie daar oorrampel gewees het, en uitgemeer gewees het; want die Polisie was in vergelyking met die skare slegs 'n handjievol.

Wat sou die posisie nou gewees het, as u teen die draad gestaan het en die draad opgehou het, sodat die skare nie kon deurken, dit platdruk nie? — Dit was onmoontlik; dit sou nie kon gedoen wees nie.

— DIE VOORSITTER —

DIE VOORSITTER: Ek wonder of u vir my kan verduidelik wat daar gebeur het. Was dit dat die voorste mense opsetlik die draad platgedruk het, of was dit die feit dat daar mense van agter gebeur het en die voorstes teen die draad vasgedruk het? — Die hele klomp het vorentoe gestorm. Dit kan moontlik wees dat van die voorstes gedruk was, maar soos ek dit daar gesien het, het almal gepoeg om vorentoe te kom, om by die Polisie te kom.

Het jy te enige tyd enige poging bespeur van iemand om oor die draad te klim? — Voor daardie voorvalle, het 'n heel paar heen-en-weer oor die draad gesprink — na binnekant gesprink, en dan weer teruggesprink.

VERHOOR HERVAT: Wat sou die doel daarvan gewees het? Sou dit nou gewees het om meer ruimte te hê om te beweeg voor die skare, of was dit 'n poging om by die Polisie te kom? — My afleiding was, dit was 'n poging om by die Polisie te kom.

Wanneer die persone dan oorgesprink het, wat het hy daarna gedoen? — Nee, die oorgesprinkery was in my opinie 'n wittartery gewees. Halle het oorgesprink, duine in die lug gehou, "Afrika!" geskree, en vuiste vir die Polisie gewys en dan weer teruggesprink.

Ek dink jy het gesê jou mening was dat die Polisie toe in gevaar was? — Halle was in definitiewe gevaar, ja.

Wat was die groot gevaar wat jy beskou het wat die Polisie toe in was? — As die Polisie toegelaat het dat die skare tot by halle gekom het en met halle handgemeen

— geraak —

geraak het, dan sou hulle onmoontlik nie die skare kon oorrampel het nie. Die skare sou hulle net daar en dan oorrampel. Hulle sou dan nie eers kans gehad het om vuurwapens te gebruik nie, want die skare was baie, in vergelyking met die bietjie Polisie wat daar was.

Jy meen, as die draadheining platgedruk was sodat hulle kon oorkom? — Dan sou niks hulle gekeer het nie.

Wat het die Polisie op daardie stadium gedoen om die gevaar af te wend? — Daar is 'n sarsie skote op die skare afgevuur deur die Polisie, wat in gelid opgestel was, met .38 rewolwers, .303 gewere en 'n paar stengewere.

Is dit die enigste skote wat geskiet was? — Dit is die enigste skote wat geskiet was.

Daar het geen skote van die skare af gekom nie? — Daar het geen skote van die skare af gekom, wat ek van weet nie.

Ek wil net hier 'n bietjie stilstaan. Wat was jou bewegings hierdie tyd, net kort voor die skietery? — Ek was in-en-uit gewees. Daar was oomblike toe ek binne in die kantore was.

Vir watter doel? — Net om na te gaan of alles reg is in die kantore, en aan die voorkant van die gebou.

Op hierdie tydstip, toe daar geskiet is, kan jy sê hoe groot die skare was? — Die skare was toe ongeveer 15,000 gewees, indien nie meer nie.

En wat was die sterkte op die perseel? — Dit is moeilik om te sê, maar ek skat ongeveer 100 na 150.

En was party van die Polisiebeuptes buitekant

— die —

die perseel, ook? --- U meen buitekant die gebou, of ...

Ek verstaan u sê binne die omheining was daar ongeveer 100 na 150? ---Ja.

Buitekant die omheining? --- Daar was 'n aantal Polisie in Siwane-straat gewees, maar dit was 'n hele entjie van die toneel af, waar hulle in die straat opgestel was.

Behalwe, nou, die skietery, was daar voor die skietery enige pogings aangewend, of om die skare uit- een te kry, of om hulle tot bedaring te kry? --- Ek het gesien dat kapt. Brunner met 'n luidepreker die skare toespreek. Ek kon egter nie hoor wat hy sê nie.

Was dit luid gewees? --- Dit was luid gewees. Ek kon hoor hy praat, maar soos ek sê, ek kon nie hoor wat hy sê nie.

Kon jy uitmaak watter taal hy praat? --- Ek kon nie uitmaak watter taal hy praat nie. Ek was toe nie naby hom gewees nie. Ek was 'n hele paar treë agter hom gewees.

Maar het hy op 'n prominente plek gestaan, sodat hulle hom kon sien? ---Hy het heel voor gestaan. Hulle kon hom sien.

Enige ander pogings? --- Ek het nie ander pogings gesien wat aangewend was nie.

Julle het volgens jou getuigenis, nou, vroeër, die mag, heelwat sukses gehad met knuppellope en so meer? --- Ja.

Is dit probeer? --- Daar is nie 'n knuppelloep probeer nie.

Sou dit volgens jou mening enige effek gehad het? --- Dit sou geen effek of sukses gehad het nie.

As julle met knuppels gestom het, sou julle by die hek mees uitgaan? --- Ons sou by die hek mees uitgaan.

Of oor die draad spring? --- Of oor die draad spring.

Julle het vroeër traangas gebruik in die lokasie? --- Ja.

Het julle dit weer probeer, daar? --- Ons kon nie traangasbomme daar gebruik nie, aangesien die wind van Wes af gekom het, en die traangas onself dan sou benadeel het.

Was daar enigiets anders, na jou mening, wat julle kon gedoen het behalwe ...? --- Daar was niks anders wat ons kon doen nie.

Tydens die skietery, toe die skietery begin het, waar was jy? --- Ek het ongeveer vier treë agter die persone gestaan, wat in gelid gestaan het.

Hoe ver van die Bevelvoerende Offisier? --- Ek was seker ongeveer tien treë van die Bevelvoerende Offisier.

Kon jy hoor of hy enige bevale gegee het vir skiet? --- Ek kon geen bevale hoor nie.

Sou jy kon gehoor het, dink jy, as hy enige bevale gegee het? --- Ek sou definitief nie kon hoor nie; die lawaai was te veel gewees.

Daar was sarsaens ook gewees; het die ook geskiet? --- Die het nie geskiet nie.

Daar was stengewere? --- Daar was stengewere.

--- Hoeveel ---

Hoeveel stengewere het julle gehad? --- Ek het vier stengewere gesien.

Waar was hulle opgestel? --- Hulle was ook saam met die ander opgestel.

In dieselfde linie? --- In dieselfde linie, ja.

Was hulle nie bymekaar nie? --- Hulle was nie bymekaar gewes nie.

Was hulle versprei oor die linie? --- Hulle was versprei oor die linie.

En die persone wat in die linie gestaan het, hoe was hulle gewapen? --- Party was met rewolwers gewapen, ander met .303 gewere, en dan die vier stengewere.

Hoe het die skietery nou begin; was daar nou eers een skoot, en toe weer twee of drie skote, of het dit gelyktydig gebeur? --- Dit was gelyktydig.

Het jy enige iemand gehoor iets sê voordat die skietery plaasgevind het? --- Ek het niks gehoor nie. Indien daar wel iets gesê was, sou 'n mens dit definitief nie kon hoor nie. Die lawaai was te groot.

Kan jy sê, die manskappe wat daar was, was hulle nou in gelid gestel volgens die groepe wat daar aangekom het, of was hulle deurmekaar? --- Hulle was deurmekaar gewes.

Kyk, ek dink daar het 'n klomp gekom onder bevel vanluit. Classen, van Hospitaal Houwel? --- Hulle het in verskillende groepe aangekom, ja.

Maar het hulle in verskillende groepe gestaan, onder hulle verskillende bevelvoerende Offisiere? --- Nee, hulle het deurmekaar gestaan, sover ek gemerk het.

Waarom ek vra - ek dink daar sal getuienis geleid word dat heelwat van die persone wat onder bevel van luit. Claassen was, sê dat hulle 'n bevel gehoor het? — Ja, ek weet nie. Dit is natuurlik moeilik. Soos ek u sê, daar het mense gekom van oer die hele Rand, selfs offisiere wat ek nie geken het nie, wat indien hulle wel in groepe gestaan het onder bevel van hulle offisiere, sou ek dit nie geweet het nie, want ek ken hulle nie. Ek weet nie of hulle by voorbeeld van Hospitaal Heuwel of Springs gekom het nie, of vanwaar hulle gekom het nie.

Het jy onder die manskappe gehoor dat hulle gepraat het van die gevaar, of was dit stil? — Hulle het gepraat. Ek het gehoor dat hulle aanmerkings maak, dat hulle sê dinge lyk lalik en as hier nie opgetree word nie, gaan hulle lewens in gevaar wees.

Van die manne wat ...? — Van die manne wat daar gestaan het.

Jy het nie gehoor of een van hulle dalk terloops gesê het "Nou moet ons skiet", of so-iets nie? — Nee.

So, as daar sulke getuienis is, weet jy nie vanwaar dit afkomstig is nie? — Nee, dan weet ek nie.

Behalwe dit, was die manne onder deeglike dissipline, volgens jou mening, of was hulle onder beheer uit? — Hulle was onder deeglike dissipline.

Het hulle in die linie bly staan soos dit opgestel is? — Hulle het in die linie bly staan soos dit opgestel was.

Nee lank het die skietery plaasgevind, volgens jou mening? — Ongeveer twintig sekondes.

Hoeveel ondervinding het jy van skiet met 'n groot

— geweer —

geweer? --- Ek het baie ondervinding.

Ek praat nou van 'n .303. Wat was die gewere wat hulle gehad het? --- Dit was .303.

Jy sê ontrent twintig sekondes? --- Ontrent twintig sekondes.

Hoeveel skote sou jy sê 'n mens kan skiet in twintig sekondes? --- As jy nie noodlikheid ondervind, dat 'n patroon nie vassteek of so-lies van die sand nie, op die uiterste ag na tien. Maar daar is gewoonlik die noodlikheid - jy kry dit gereeld, dat 'n patroon vassteek.

DIE VOORSITTER: Hoeveel is daar in die magasyn? --- In die magasyn is ongeveer vyftien. Ek is nie definitief seker nie. Ek is nie presies seker hoeveel daar in die magasyn is nie. Dit sou in elk geval onmoontlik wees, as jy 'n magasyn leeggeskiet het, om dit in twintig sekondes weer vol te maak en nog verdere skote af te skiet.

VERMOOR HERVAZ: Jy het nie geskiet nie? --- Ek het nie geskiet nie.

Het jy die reaksie van die skare Bantoes gesien? --- Ja.

Jy het gekyk na hulle, toe die skote afgevuur word? --- Ja.

Wat was hulle reaksie? --- Die voorstes het ongespring en probeer weghardloop, die wat heel voor gestaan het. Anders het nog gedruk en nader te kom. Terwyl die skietery nou aan die gang was, het hulle uitmekaar gespat. Dit was aan die begin van die skietery dat die voorstes probeer onspring het, en die ander, agterstes, het nog aangestem. Maar toe hulle besef

dat op hulle gevuur word, toe het hulle opgehou.

Sou daar, volgens jou mening, goeie rede bestaan het vir die lengte van tyd wat hulle aangehou het met skiet? — Ja.

Waarom is jy dit? — Hulle het geskiet totdat hulle sien dat die skare het skrik op die lyf en dat hulle definitief van plan is om nou te vlug. Sedra daardie toestand gekom het, het die skietery opgehou.

DIE VOORSITTER: Het hulle self opgehou, of was daar enige bevel? — Ek het gehoor kol. Pienaar het bevel gegee dat die vuur moet gestaak word.

VERHOOR HERVAT: Waar was hy toe by die bevel gegee het? — Kol. Pienaar was by die linie, naby die groot ingang-hek.

Voor die linie, of agter die linie? — Hy het net so agter hulle gestaan.

Was daar andere ook wat geskree het "Stop skiet", of so-iets? — Daar was 'n luitenant gewees. Ek het gehoor dat daar 'n luitenant - ek weet nie wie hy was nie; dat hy ook, nadat kol. Pienaar die bevel gegee het, ook die bevel gegee het om te stop.

Het die heel eerste skote wat afgegaan het, het die skare wat toe veer gestaan het, onmiddellik ongespring, of wat was die posisie? — Hulle het nie onmiddellik ongespring nie, want hulle het blykbaar nie onmiddellik besef wat aangegaan nie. Maar nadat van hulle geval het - dit was ongeveer twee of drie sekondes - toe het hulle begin onspring. Maar die ander van agter het nog gestaan.

Hoe lank was die linie ontrent? — Die linie was

— ongeveer —

ongeveer 50 na 75 treë.

En die skare aan die Westekant - het die hele Westekant, so lank die draad is, vol gestaan van Bantoes? —Ja.

Hoe lank is die draad? — Die draad is ongeveer 100 treë.

Kon jy enige poging sien om in die lug te skiet, eers? — Nee; dit sou geen doel gedien het nie. Toen daardie tyd was dit 'n geval dat die skare ons lankal sou oorrampel het.

DIE VOORSITTER: In elk geval, jy sê daar was nie eers 'n sarsie die lug in, of die grond in geskiet nie? — Nee.

VERHOOR HERVAT: Hoeveel van die stangewere het geskiet - almal? — Sover ek weet, het almal geskiet. Dit is moeilik vir my om te sê. Ek het nie die stangewere nagegaan, na die skietery nie.

Daarna ...

DIE VOORSITTER: Ek weet nie of u die vraag kan antwoord nie, maar teen watter snelheid voor die stangewere waaktes u gewapen is? —Nee, ek weet nie.

VERHOOR HERVAT: Ek dink jy kan riskies dit beantwoord: Ek verstaan - dit kan later deur meer deskundige getuies bevestig word - dit kan gestel word om een skoot te skiet? —Ja.

Kan dit ook gestel word om, by voorbeeld, ontrout 25 skote te skiet? —Ja; dit kan gestel word om een, enkele skoot te skiet.

Maar jou oer sal seker vir jou vertel of hy agternekaar geskiet het, en of hy enkel skote geskiet het? —

— Dit —

Dit is moeilik om te sê, want daar is heelwat vuur-
wapens wat terselfdertyd geskiet het. Jy kan nie
sê of dit die stengewere was wat geskiet het, en of
dit miskien 'n .303 is wat geskiet het nie.

Toe die skietery opgehou het, wat was die toe-
stand daar? --- Daar het baie Bantoes en -vroues
in die straat gelê. Ander het weggehardloop, verskil-
lende strate op gehardloop. Van die wat daar gelê het,
het weer opgespring, ook weggehardloop, en andere het
bly lê. Baie van hulle was deur hulle makkers onge-
hardloop terwyl hulle naderhand toe op vlieg is.

En wat is gedoen ontrent die beseerdes? --- Ek
het na buite gegaan, ^{na} die wat daar op die grond gelê het.
Ek het na almal gegaan en gekyk. Party was dood, party
was beseer. Ek kon nie een kan nie. Die beseerdes
is per ambulans na die hospitaal vervoer, en die dooies
na die Staatslykhuus.

Hooveel van die Polisie het aandag geskenk aan
die Naturrelle wat daar gemaak het? --- Baie het
aandag geskenk. Ek kan nie sê hooveel daar was nie,
maar baie het aandag geskenk - ontrent almal wat teen-
woordig was, het aandag geskenk.

Was daar enige verwund gewees en beseerdes te
behandel? --- Daar was geen verwund gewees nie.

Wat het julle werklik gedoen ontrent hulle? ---
Ons het die ambulansse ontbied. Die ambulansse het hulle
onmiddellik vervoer, en dit was seker op die uiterste
tien minute, toe was hulle almal verwyder na die hospitaal.

Is dit nou van die beseerdes, of ...? --- Die
beseerdes. Die beseerdes het eerste aandag gekry, en
daarna die dooies.

Hoe lank is jy het dit getuig, outrent? ---
Ongeveer tien minute, toe die ambulansse opgedaag het,
toe is hulle almal verwyder.

Hoeveel ambulansse het opgedaag? --- Daar was vier
of vyf ambulansse. Ek kan nie presies sê nie.

Almal binne tien minute? --- Ja, hulle het agter
mekaar gekom.

Hoeveel beserings was daar, min of meer? As jy
nie die getal presies weet nie, kan jy na skatting sê?
--- Ek kan nie sê hoeveel beserings daar presies was
nie. Ek het getal ongeveer vyftig wat gelyk het.
Van hulle was beseer, en van hulle dood. Ek sal nie
kan sê hoeveel beseer was, en hoeveel dood nie.

As daar heelwat meer as dit beserings was, dink
Van wie het die verslag gekom? — Van luit. van Eeden; Hy het my gebel.

En wat het u daarna gedoen? — Ek is daarna met 'n klompie manne deur na Sharpeville-lokasje.

Omtrent watter tyd het u daar aangekom? — Seker meer of min 7-uur, in daardie koers.

Wat was die toestand wat u daar aangetref het? — Wel, op pad na die Polisie-stasie, het ek verby 'n bushalte daar gery, en by die bushalte was daar besonder baie Naturelle in die ontrek. Hulle het in sulke groepies daar rondgestaan, en so aan. Ek is toe vandaar weer deur na die Polisie-stasie, en daar het ek ser. Grobler aangetref.

Was hy toe al op diens? — Hy was daar gewes, ja.

Of het hy spesiaal gegaan? — Wel, ek kan nie se nie; maar hy was daar gewes, in elk geval.

En toe, wat het gebeur? — Hy het toe daar 'n rapport aan my gemaak, en 'n paar geskeurde en geseeltelik

— verbrade —

~~Mr. GAWOOD~~
~~1930~~

verbrande bewysboeke aan my getoon. Later het een
die speurder-konstabels ook daar aangekom met 'n paar
verskeurde en stukkende boeke. Speurder-sersant
Wessels en mr. Labuschagne het ook later daar aangekom.

Wie is mr. Labuschagne? — Hy is die lokasie
superintendent, van Sharpeville.

Ja? — Dit het my voorgekom asof daar so tussen
ses en tien verskillende boekies beskafig was, volgens
die hoeveelheid boekies wat daar gewees het. Die
boekies is gedeeltelik deur hulle aannekaar gesit, en
hulle kon, sover ek kan onthou, drie verskillende
nense identifiseer, volgens die stukke van die boeke.

As gevolg van dit, wat het u gedoen? — Hy het
die boekies almal in aparte koervertes gesit en besit
daarvan geneem, beslag daarop gelê. Ons het daar
aangehang en 'n bietjie rondgery, maar daar het
absoluut niks verder die aand gebeur nie en ek is
ongeveer 9-uur die aand daar weg.

Het u in die lokasie rondgery? — Ja; ek het
twee draaie gery, maar daar was niks gewees nie.

Tot ontrent 9-uur? — 9-uur, ja. Daar het niks
verder gebeur nie.

Non, die 20e, was u weer by Sharpeville gewees?
— Wel, die 20e was ek-ongeveer 11.20 die nag het ek
'n boodskap ontvang van die klagtekantoor af, en as
gevolg van die boodskap het ek eers na die Polisie-stasie
te Vereeniging gegaan, en vandaar is ek deur Sharpeville-
toe.

Wat was die klagte toe? — U meen, toe ek nog by
die huis was?

—Ja —

Ja? — Wel, hy het my gebel en gesê hy het 'n boodskap ontvang van Naturelle-sergant Samuel tot die effek dat daar drie groot groepe Naturelle rond beweeg in die lokasie. Volgens sers. Samuel was die groepe meer of min 100, 300 en 500 Naturelle. Halle het rond beweeg in die lokasie, daar, en mense geforseer om saam te neem. Halle het daar huise besoekig, en ook van die mense aangerand. Hy sê die rapport was, hulle maak die mense bymekaar in die lokasie. Ook verder het hy aan my gesê dat ...

Jy het toe gegaan en self gaan kyk? — Ek het eers na die Polisiestasie gegaan en 'n klompie mense daar gekry, en toe is ek self deur na Sharpeville Polisiestasie-toe.

Wat was die toestand toe? — Toe ek by Sharpeville Polisiestasie gekom, het ek eerstens gevind dat daar geen telefoniese verbinding is nie; al die telefoens daar, selfs die publieke telefoens in die onttrek van die Polisiestasie, was buite werking gewees. Voor die Polisiestasie het daar 'n klompie Naturelle-mense gesit. Ek het met hulle gepraat, hulle ondervra - en-so-en-so - en hulle storie was meer of min dieselfde, dat daar in verskeie dele van die lokasie Naturelle-mense rond beweeg wat gewapen is; hulle klop hulle op en dan, as hulle die huise nie oopmaak nie, dan breek hulle die huise oop, hulle forseer hulle om saam te gaan, neem die bewysbeskies en hulle maak die mense, sal ons sê, bymekaar in die lokasie.

Hoeveel Bantoes het u daar gevind? — Direk voor die Polisiestasie sou ek reken was daar tien gewees.

Wat het hulle daar gemaak? — Halle het gesê
— hulle —

hulle vrag Polisiestasië-toe. Hulle wou Polisie-
beskerming hê.

Het hulle daar gesit? --- Hulle het gesit, ja.

Was dit mans? --- Almal mans, ja.

Het hulle gekom met klagtes? ---Ja, hulle het
gekom met klagtes. Hulle het kom kla oor die mense.

Ja, en toe? --- Daar was ook van hulle wat aange-
rand was, wat vir my woude gewys het, vars woude.
Hulle het gesê hulle is aangerand deur die mense.

U het die woude gesien? --- Ek het die woude
gesien, ja. Daar het ons toe gehoor, vandaar, dat
daar geweldige rumoer in die lokasie is, en ons het
toe vandaar gegaan in die rigting waar die rumoer was.
Ons het daar in 'n sekere straat gekom - dit was meer
of min 12-uur die nag gewees. In die straat was daar
 baie kinders en vrouens in die straat, by die huise
gewees, en so aan. Ek het by die eerste huise stil
gehou en daar met hulle gepraat. Hulle het gekuil
en te here gegaan. Baie was histories. Hulle het
ook dieselfde storie gehad wat die Naturellemans gehad
het. Hulle het gesê "Die mense het hier gekom en ons
mans gevat; hulle is hier weg met ons mans". Hulle
het 'n rigting aangewys. Hulle was bang die mans
sou doodgemaak word en hulle vra ons toe en die mans
daar te gaan ontset, en hulle terugbring. Daar het
ek ook ^{van} twee verskillende Bantoevrouens vernem hulle
huise is beskadig, hulle deure is beskadig. Ek het
twee huise daar gesien wat se deure beskadig was.
Hulle het vir my gesê die huise is beskadig. Ek het
gesien die een se deur hang so skeef, en ek het nog een
gesien wat duidelik merke aan die deur gehad het, dit

hulle ving Polisiestasio-toe. Hulle wou Polisie-
beskerming hê.

Het hulle daar gesit? --- Hulle het gesit, ja.

Was dit mans? --- Almal mans, ja.

Het hulle gekom met klagtes? --- Ja, hulle het
gekom met klagtes. Hulle het kom kla oor die mense.

Ja, en toe? --- Daar was ook van hulle wat aange-
rand was, wat vir my woude gewys het, vars woude.
Hulle het gesê hulle is aangerand deur die mense.

U het die woude gesien? --- Ek het die woude
gesien, ja. Daar het ons toe gehoor, vandaar, dat
daar geweldige rumoer in die lokasie is, en ons het
toe vandaar gegaan in die rigting waar die rumoer was.
Ons het daar in 'n sekere straat gekom - dit was meer
of min 12-uur die nag gewees. In die straat was daar
 baie kinders en vrouens in die straat, by die huise
gewees, en so aan. Ek het by die eerste huise stil
gehou en daar met hulle gepraat. Hulle het gekuil
en te here gegaan. Baie was histories. Hulle het
ook dieselfde storie gehad wat die Naturellomans gehad
het. Hulle het gesê "Die mense het hier gekom en ons
mans gevat; hulle is hier weg met ons mans". Hulle
het 'n rigting aangewys. Hulle was bang die mans
sou doodgemaak word en hulle vra ons toe om die mans
daar te gaan ontset, en hulle terugbring. Daar het
ek ook/twee verskillende Bantoevrouens vernem hulle
huise is beskadig, hulle deure is beskadig. Ek het
twee huise daar gesien wat se deure beskadig was.
Hulle het vir my gesê die huise is beskadig. Ek het
gesien die een se deur hang so skeef, en ek het nog een
gesien wat duidelik merke aan die deur gehad het, dit

het so half oop gestaan en daar was krap- en slaanmerke aan die deur.

Maar was die beskadigings wat aan jou uitgewys was deur die Naturelle vrouens, as gedaan deur ...? — Die groep wat dan net nou weg is.

Deur wie was jy vergesel gewees? — Ek was vergesel, as ek name mag noem - ek was vergesel deur luit. Fourie, hoofkonstabel Heyl, sers. Grobler, sers. Scheepers, sers. Kotze, konst. Heyl, konst. Steenkamp....

Hoeweel entrent? — Ons was meer of min elf blankes - ons is vanhier, elf blankes en 22 Naturelle, vanaf Vereniging. By Sharpeville het ongeveer 15 Nie-blankes by ons aangesluit. Ons was meer of min elf blankes en 37 Nie-blankes.

Was julle te voet? — Ons het by ons gehad een landrover, 'n kar en een opraakwa.

Hoe was die manskappe gewapen? — Ons het almal pistole gehad, maar die sersante en konstabels het behalwe hulle pistole en knuppels elkeen 'n .303 geweer gehad. Ons het een stengeweer gehad, met patrone. Die mans het ook hulle knuppels by hulle gehad. Die Naturelle, van hier af, was elkeen gewapen met 'n kierie en 'n assegai. Die wat by Sharpeville aangesluit het, het ook kieries en assegais gehad. Ek kan nie sê of hulle elkeen 'n spesifieke kierie en assegai gehad het nie, maar hulle het ook kieries en assegais by hulle gehad.

Het julle nou as een groep geoperer in die lokasie? — In die lokasie, ja.

Julle het toe berig ontvang van die persone wat so te kere gegaan het. Het julle hulle aangetref in die lokasie? — Ons het toe in die rigting gegaan wat aan

aan ons aangedui was, en 'n paar honderd troë van daar het ons toe 'n hele groep Naturellekens gekry. Ek skat daar was meer of min honderd. Hulle het, soos ons gery het, aan die regterkant van die straat gewees. Party was op die systraat en hulle was versprei by verskillende huise, ook, aan die kant van die straat.

Wanneer jy sê hulle was versprei by verskillende huise, was hulle nogtans in die straat, of was hulle in die persele van die huise? ---In die persele van die huise. Party was in die persele van die huise gewees.

En toe julle nou daar aangekom het, wat het hulle gedoen? --- Toe ons daar aangekom het, het ons reg voor hulle stilgestaan, waar die meeste van hulle was. Daar het ons stilgestaan, en ek het uit die kar uitgeklim en ek het gevra wie die leier was. Niemand het vir my antwoord gegee nie. Ek het gevra, "Wat maak julle hier?" en niemand het vir my ook antwoord gegee nie. Intussen het dié wat by die huise gewees het, ook daar na ons-toe gekom, waar ons by die karre gewees het. Ek het toe vir hulle gesê - daar was 'n geweldige lawaai. Hulle het op fluitjies geblas en daar was geskree en hulle het baie te kere gegaan; vernameelik die fluitjies - dit was geweldig baie. Daar was 'n groot lawaai daar gewees. Ek het toe vir hulle gesê - die meeste was gewapen. Daar was tussen hulle ook Naturelle gewees wat nie wapens gedra het nie. Die Naturelle het toe tamlik saamgedrom, toe sê ek "Kyk, julle moet hierdie nense wat julle hier saam met julle neem, onmiddellik los, dat hulle teruggaan na hulle huise-toe. Julle wapens

en goed wat julle hier het, moet julle neerwit en julle moet teruggaan na julle huise-toe. Die huise wat julle hier breek - dit is onwettig, en ek versoek julle nou om uitmekaar te gaan en terug te gaan huis-toe".

DIE VOORSITTER: Watter taal het u gepraat? --- Afrikaans en Engels. Ek het ons eie landstaal gepraat, nie die Naturelletaal nie.

VERHOOR HERVAT: Dit was nie aan hulle vertolk nie? --- Nee; dit was nie vertolk nie.

Het hulle dit toe verstaan? --- O, ja; meeste van die jong Naturelle in die lokasies praat Afrikaans en Engels baie goed.

Van watter persone het u gepraat toe u gesê het hulle moet hulle laat loop? --- Die mense wat saam met hulle gewees het, wat nie wapens gehad het nie.

Het jy vermoed dat daardie persone wat nie wapens gehad het nie, met hulle saam geneem word? --- Saam geneem word, ja.

En die groep wat julle daar aangetref het, was daar vrouens ook by, of was dit net mans? --- Nee, dit was net mans gewees. Daar was geen vrouens of kinders by nie. Dit was net mans gewees.

En hoe sou jy hulle beskryf, wat ouderdom betref? --- Die meeste jonges. Die wat gewapen was en kieres gehad het en so aan, was feitlik almal jonges gewees.

Tussen watter ouderdomme, sou u sê? --- O, so van agtien na 24/25.

Het hulle aan enige klas of groep behoort, wat jy

--- kan ---

kan identifiseer, of nie? Of kan jy net sê dat dit jong Naturelle was? --- Nee, ek kan net sê hulle was jong Naturelle gewees.

Hulle het geen wapen of teken of iets van die aard gehad nie? --- Nee. Daar was wat lapel-etikette aan hulle bandjies gehad het.

Ek dink ons het nou sover gekom as die eerste groep wat u teëgekom het? --- Ek mag net sê dat op pad na die Polisie-stasie het ons twee groepe verbygery, maar ek was bekommerd oor die Polisie-stasie gewees en ek het net eenvoudig die twee groepe verbygery. Hulle was in Secise-straat gewees. Ek het hulle net verbygery. Ek het nie by hulle stilgehou nie, maar net eenvoudig verbygery.

U het nou-nou uitnekaar uit gejaag. Het u enige iets by hulle gekry wat u teruggeneem het - wapens, of so-iets? --- Ja. Toe hulle nie wou wapens neersit of uitnekaar gaan nie, het ek aan die kerele gesê hulle moet hulle ontwapen, die wapens by hulle wegneem. Daar het toe, met die wegneem van die wapens, skermutselinge en so aan gewees tussen die kerele; hulle het toe gestoel en te kere gegaan. Dit was donker gewees, in die nag, en ek het vir die kerele gesê die beste wat ons nou kan doen, is jaag hulle uitnekaar uit; trek knuppels en jaag hulle uitnekaar uit. Die kerele het hulle uitnekaar uit gejaag en daar is party daar geslaan. Daar is 'n paar houe geslaan, daar, en die wat ons in die hande kon kry het ons die kieres en yeters en goed van geneem en in die voertuig gegoel.

Al wat ek net wil vra, op hierdie vroeë stadium

--- wil ---

Griffith
the page?

wil vasstel: Het jy enige bewysstukke wat jy voor die Kommissie wil lê, wat daar gemeen is, op daardie tyd?

— Ja, van hierdie goed wat ek daar gemeen het, het ek in die voertuig gesit en ek het dit later by die Polisie-stasie gegee en gesê hulle moet dit inhandig. Op die oomblik is hoofkonstabel Paulsen in besit van hierdie dinge.

Dit het niks met u te doen, wat hier lê nie? — Wel, ek weet ongelukkig nie wat daardie is nie.

In elk geval, jy het dit aan 'n sekere persoon oerhandig, wat dit nog in bewaring het? — Ja; seker ek weet het spurdier hoofkonstabel Paulsen dit.

Wat het u toe verder gedoen? — Ons het toe ook 'n berig daar ontvang dat 'n bietjie verderaan daar 'n baie groot groep Naturelle was. Ons het toe 'n paar honderd tref gery, en daar kom ons toe — die eerste groep, verkeem my, was aan my linkerkant gewees. Ek het gesê regter — die eerste groep was aan my linkerkant gewees. Die tweede groep het ek aangetref op my regterkant. Daar was 'n groot stuk veld daar gewees, en op die stuk veld het ons 'n groot groep Naturelle, ek skat seker so 500, gesien. Hulle was ook feitlik — daardie was meer bewapen as die eerste groep. Hulle het meer wapens by hulle gehad. Hulle het beweeg af na 'n ry huise toe, oor die oep veld, in die rigting van 'n ry huise, daar. Ons het regoor hulle stilgehou en met hulle probeer praat, maar hulle het met fluitjies geblaas, geskree en so aan, en toe in die rigting van die huise gegaan. Ek het toe en die stuk oep veld gery en tussen hulle en die huise gegaan. Hulle het toe daar fluitjies geblaas en geskree, en vir 'n paar

— oomblikke —

oomblikke het dit vir my voorgekom asof hulle heel noontlik vir ons gaan aanval, daar. Dit was nag gewees en donker gewees, en ek het toe 'n .303 geneem en ek het daar voor my toe twee skote in die grond geskiet.

Watter tyd van die nag was dit, omtrent? —0, dit was net kort na 12-uur. Dit is moeilik om die tyd te sê, maar dit was net na 12-uur. Dit was die tweede groep, daardie. Ek het toe twee skote daar in die grond geskiet. Ek het dit om verskillende redes gedoen - nr. 1, hulle het nie gesien of ons vuurwapens by ons het nie, omdat dit nag gewees het, en ek wou die twee skote daar skiet sodat hulle kan besef dat ons is gewapen, die manne daar het vuurwapens by hulle, dat hulle dit kan weet. En ek het ook net 'n .303 daar geskiet, omdat dit 'n baie harder skoot maak as 'n gewone pistool; en ook, dit het 'n bietjie kritiek gelyk, op die oomblik. Dit het gelyk of hulle nader kom, en nadat ek die skote geskiet het, het hulle fluitjies geblaas en taamlik vinnig beweeg in 'n rigting waar ons daarna gekom het. Hulle het toe daar deur 'n stukkende plek in 'n hoë draad geklim. Ek ken die lokasie nie so goed nie, maar ek vermoed dit is 'n sportveld daardie. Hulle is daardeur, in 'n oop stuk grond, weer. Ons het toe 'n draai gery en toe gekom waar hulle weer by mekaar gekom het. Ek het gesê hulle moet uitmekaar gaan, huistoe gaan, en een van hulle het geskree, "Ons hou 'n meeting". Ek weet nie wie dit was nie. In elk geval, hulle was almal gewapen en ons was nie baie gewees nie, en die kârels was weer beveel om hulle uitmekaar te

jaag en hulle wapens van hulle af weg te neem. Ons het toe so gedoen, hulle daar uitmekaar gejaag, en die wapens wat ons kon kry, het ons toe ook daar geneem en in die voertuig gegooi. Van toe af het ons in die lokasie rondgery, en gedurig groepe opgebreek. Party groepe, as ons net stilstou hardloop hulle weg. Ander groepe noes ons geweld mee gebruik, om hulle uitmekaar te kry. Ek kan nie presies sê hoeveel groepe ons opgebreek het nie, maar twee-uur die môre het ek 'n rapport ontvang dat daar 'n vergadering is, meer of min ten Suide van die Polisiestasie. Ek is toe daarheen.

Net voor jy daar kom, laat ons net 'n bietjie meer besonderheid kry omtrent hierdie groepe. Wat jy ons vertel het van die eerste groep, omtrent die onderdon van die groep en die wapens en so aan - geld dit ook vir dié groepe, of was daar 'n ondersheid? --- Nee; al ondersheid wat ek sou sê daar was, was net die tweede groep. Die tweede groep het ek nie by huise gekry nie. Dit was al ondersheid. Al die ander groepe was meer of min dieselfde. Hulle het orals by die huise beweeg, meer of min dieselfde onderdon en ek sou sê daar was nie ondersheid nie. Party was net groter as ander groepe. Party groepe was klein, meer of min 50 man, en party groepe was tussen 400 en 500, sou ek sê.

Was hulle ook uitgesprei langs die strate? ---
Orals uitgesprei langs die strate.

Die verskillende groepe? --- Ja; orals.

Hoeveel sulke groepe het jy omtrent gekry? --- Ek het meer of min tot 3-uur die môre - na ons 'n paar groepe uitmekaar gejaag het, het ek gesien hier is 'n geweldige groot ding, en ons het toe gesê "Van nou af

--- moet ---

moet ons probeer onthou hoeveel groepe daar was". Behalwe die tweede groep en die vergadering, kan ek onthou dat ons vyftien sulke groepe opgebreek het.

Vyftien sulkes? --- Vyftien sulkes, ja - wat ons opgebreek het.

Was dit in verskillende strate? --- Ja, dit was; dit was feitlik oor die hele lokasie gewees, maar daar was meer, sover ek kan onthou, in die Suide van die lokasie. Maar dit was orals in die lokasie gewees - orals.

Het jy enige besondere indruk gekry van die aktiwiteite van die groepe? --- My indruk was gewees dat hulle probeer al die Naturellenans wat in die lokasie is, uit hulle huise jaag en hulle probeer al die mense op dieselfde plek bymekaar bring.

Kaptein, hier is 'n klomp stokke; miskien kan ons dit later tel - stokke en kieries en hout, yeters. Sou u dit kan identifiseer as die goed wat julle afgeneem het? --- Dit is soortgelyk.

(Stokke, kieries en hout, Bewysstuk 2).

nou nog ontrent die groepe wat jy daar teëgekomen het: Was daar enige persone wat jy positief kon vasstel, wat gedwing was om saam te gaan met die groepe? --- Ek kan nie name noem nie, maar daar was orals Naturelle; na die ding verby is gaan hulle terug. Dan vra ons "Wat maak julle hierse?" dan sê hulle "Nee, die mense het vir ons hier gebring; die mense het gesê ons moet saam kom". Ons het orals in die lokasie mense aangetref, Bantoes aangetref, wat gesê het die mense het hulle gedwing om saam te kom; en het sodra ons die groep opgebreek het, dan gaan hulle weer terug.

--- Was ---

Was daar enige Polisie onder hulle? — Daar was een geval wat nog onder my aandag gebring was. Daar was 'n Bantoe Polisiekanstabel gewees. Ek ken hom nie. Ek verstaan hy werk by die lykhuus op Vereeniging.

Nouja, jy het gekom by die groot skare wat jy sê, wat gelyk het of hulle vergadering hou? — Ja; dit was 2-uur gewees. Ek het 'n rapport ontvang daar is 'n groot vergadering in die lokasie, en ek is daarheen. Dit was op 'n oop stuk grond gewees en ek het die kar se ligte gedraai dat die ligte op die mense skyn. Ek het toe daar gesien, meer of min 1,500 Bantoesmans bymekaar, daar op die oop stuk grond. Ek het nader gery tot feitlik by hulle, uitgeklim en toe het een Bantoesman na my gekom. Ek het gesê "Ek groot jou" of so-iets van die aard. Ek onthou ek het hulle gegroet. Ek het gesê "Ek groot julle; wat maak julle hier; wie is julle leier?" Hierdie Bantoesman het by my gekom en gesê "Hy naam is Thomas More; ek is die leier". Ek vra toe, "Wat maak jy hierse?" en hy het vir my gesê "Ek hou hier 'n vergadering".

DIE VOORSITTER: Watter taal is toe gebruik? — Ons het Afrikaans of Engels gepraat; ons het nie die Bantoes taal gepraat nie.

Kan jy onthou of dit Afrikaans, of Engels was? — Ek het Engels met hom gepraat. Intussen het mr. Labuschagne, die superintendent, met meer mense ook aangesluit by ons. Mr. Labuschagne was by my gewees. Toe vra ek vir hom of hy permissie het om vergadering te hou, toe sê hy nee; hy het in Engels gepraat. Hy sê toe, "I have applied for permission; I haven't received a reply yet". Toe vra ek vir mr. Labuschagne

wat die posisie is, en hy sê toe vir my Thomas More het gevra om vergadering te hou maar hy het nog nie permissie om vergadering te hou nie. Die Bantoes daar was feitlik almal gewapen gewees. Hulle het hulle stokke en kieres so (dui aan) omhoog gehou. Aan hulle kleredrag was dit ook duidelik, hulle het nie die drag aan gehad wat 'n Naturel normaalweg aan het as hy by voorbeeld na 'n kerk-toe gaan nie. Hulle het nie hulle Sondagpakke aan gehad nie. Hulle het almal maar ou klere aangetrek. Ek het aan hom toe gesê hy het nie permissie om vergadering hier te hou nie, en die vergadering wat hy hier hou moet onmiddellik gestaak word, en sy nense moet huistoe gaan. Ek het aan hom gesê ek gee vir hom vyf minute tyd, dan moet sy nense trap, hierse, of ek sal geweld gebruik. Hy wou toe daarop met my argumenteer en so aan, maar ek sê toe vir hom "Man, ek wil niks weet nie; jy kan 'n vergadering eenvoudig nie hier hou nie. Die lokasie is in rep en roer; dinge is baie verkeerd hier, en jy moet nou onmiddellik gaan". Hy het daar geargumenteer, en ek het hom kans gegee en so-en-so, en toe sê ek, "Jy kan dit net nie doen nie". Toe sê hy hy gaan met sy nense praat. In die tussentyd het hulle op gekom, die Bantoes, tot feitlik twee of drie tref van ons af, vanwaar ons gewees het. Hy het toe teruggegaan na die Bantoes, en toe hy so tussen hulle inkom, het hy sy hande so opgesteek, en so gemaak (dui aan).

Met ander woorde, hy het hulle gewink om nader te kom? --- Ja; hy het sy rug na my-toe gedraai en tussen die eerste paar gestaan en toe sê gemaak (dui aan, arms omhoog, winkend). Ek weet nie wat hy daarby bedoel het nie. Ek kon net aflei dat hy ...

VERHOOR HERVAT: Wat was die reaksie daarop? — Die reaksie — wel, hulle het toe vinnig nader gekom. Daar was fluitjies geblaas, 'n groot lawaai, en ek het die kerele toe gesê hulle moet hulle daar stormloop en uitmekaar uit ja, wat ons toe ook gedoen het.

Het julle hulle toe stormgeleop met die knuppels? — Met knuppels uitmekaar uit gejaag. Nadat ons hulle uitmekaar uit gejaag het — u weet, jy kan nooit veel jais in die hande kry nie, want die oomblik dat die manne nader storm, hardloop hulle; hulle geoi die kieries neer en hulle hardloop weg. Maar daar is toe van voor af twee skote van die Naturrelle se kant af op ons geskiet — net nadat hulle uitmekaar is, van voor af. Ek het in daardie rigting gery, maar as ek nader kom hardloop hulle weg, en ek kon nie iemand sien, of wie daar geskiet het nie.

Maar kan jy seker wees dat dit nie van jou manne was nie? — Nee, my manne — elke keer wanneer ons nou uit gewese het uit die voertuie, het ek seker gemaak; nee, dit was nie van my manne nie. Daar is geen twyfel nie.

Is niemand beseer nie? — Daar is niemand van ons beseer nie.

Vandaar, waarheen het jy gegaan? — Wel, ons het toe gedurig naar patrolleer, deur die lokasie; in die lokasie groepe opgebreek, en so aan. Daar was van toe af, na 2-uur — dit was net of hulle baie meer aggressief was as veer die tyd. Van toe af het hulle ons nie jais aangeval nie; hulle wou net oervoedig nie hulle wapens laat ontneem nie. Na 2-uur het hulle meer aggressief geword. Eankeer hier in Secise-straat, net toe ons afdin, het hulle ons daar onder die klippe gesteek — baie gesoi, daar. Ons

het hulle uitnekaar gejaag. Hulle het die straat op gehardloop en die manne wat hulle agtervolg het, het hulle weer onder die klippe gesteek, daar.

Wanneer jy sê hulle het aggressief geword, wat bedoel jy? — Wel, meer of min tot 2-uur toe het hulle ons nie aangeval of met klippe gegooi nie, maar na 2-uur het hulle ons met klippe gegooi. Dit is waarom ek sê hulle was meer aggressief gewees. Daar was twee gevalle waar hulle ons met klippe besteek het, waar ons uit die voertuig was, en eenkeer het ons daar verby 'n skoolgebou gegaan; daar het jy 'n oop stuk grond, en daar was ons geweldig met klippe besteek terwyl ons in die voertuig gewees het. Harde houe het op die voertuig geval. Ek het aan die ander kant stilgehou en ek het uitgeklim en gekyk, en ek het duike in die voertuig gesien. Sers. Scheepers, wat een van die kere was, het ook gekla, voor dit al, dat hy deur 'n klip getref was. Hy het tamlik seer gekry op sy skouer.

Het jy gereken dat daar 'n aanval op julle mag geskied, of was dit nie so erg nie? — O, ja. Dit was ...

Hoe goed ken jy werklik die Bantoe, kaptein? — Wel, ek het feitlik saam met hulle groot geword, en die afgelope ses jaar was ek in die swart kolle gestasioneer, op Kliptown, Moreka, Orlando. Ek het die Polisie-stasie op Meadowlands geopen, en did plekke. Die afgelope ses jaar het ek alles deurgebring in die swart kolle, waar daar suiper, ek dink, 680,000 Naturelle is.

DIE VOORSITTER: J sê u het saam met hulle groot geword; waar het u ...? — Ek het op 'n plaas groot geword. Ons het altyd plaasvalk ook aangehou.

Kan jy hulle taal praat? --- Ek kan gebroke Zulu praat; ek kan die *fana kalo* en gebroke Zulu praat.

VERHOOR HERVAT: Hoe lank is u al op die Rand? --- 24 jaar; ek het al my diens op die Rand - 24 jaar.

Behalwe nou die twee skote waarvan u vroeër gepraat het, wat u in die grond geskiet het, was daar verdere skote geskiet? --- Nie van ons kant nie. Behalwe die twee skote was dit al skote wat daar geskiet was, want ek wou niemand toelaat om te skiet nie.

En van hulle kant, was daar ook net die twee skote? --- Net die twee skote.

Het julle die sterkte wat julle gehad het, bly behou die hele nag, of het julle versterkings by gekry? --- Gedurende die nag het daar 'n paar man van Vanderbijl by gekom - net 'n paar; ek weet nie hoeveel nie. Maar ongeveer 3-uur die more het maj. van Zyl opgetoeg met versterkings.

Sal u aan ons vertel wat daarna gebeur het? --- Wel, maj. van Zyl het ongeveer 3-uur daar gekom, maar net kort voordat hy daar gekom het, het ons rond gery en ons het toe nie meer groepe teëgekam nie. Ons het toe in twee verdeel; hy het die Suidelike gedeelte geneem, en ek die Noordelike gedeelte van die lokasie. Ons het toe gepatrolleer en alles was stil gewees. Ons het nie meer groepe teëgekam nie. Ons het orals 'n klomp Bantoes teëgekam en as ons vra wat maak hulle, dan sê hulle "Nee, ons is van die mensse wat hulle saangeneem het, en ons is op pad huis toe, nou". Maar dit was betreklik stil gewees, behalwe die mensse op die strate, tot 5-uur

die mōre. Om 5-ur die mōre, meer of min vanaf 5-ur, het die fietsryers met hulle fietse begin werk-toe gaan, en van die Bantoes het ook gekom na die twee busstoppe in die lokasie. Ons het verwag daar sou busse kom. Ons het navraag gedoen maar aan ons was gesê dat daar geen busbestuurders beskikbaar was nie. Ons het selfs vir Grobler, die vorige getuie, met 'n vangwa gestuur na huise waar bestuurders woon, maar hulle was eenvoudig nie by die huise gencee nie. Die gevolg is, vanaf 5-ur het die Bantoes meer en meer geword by die twee busstoppe, en baie het fietse gencee en werk-toe beweeg. Ons het geen groepe gesien nie, maar van toe af was daar gedurig rapporte ontvang van Bantoes wat op pad uit was, dat hulle gegooi was, onder die klippe gesteek was en aangerand was deur klein klompies Naturelle, met 'n paar by mekaar.

Is dit nou persone wat op pad was werk-toe? --- Op pad was werk-toe, ja. Ons het ook by die busstoppe gedurig - dan kry ons Naturelle wat wegstap van die busstoppe af, dan vra ons aan hulle "Naar hoekom loop julle weg, wat gaan nou aan?" Toe sê hulle "Nee, die mense daar by die busstoppe/^{sê hulle}kyk vir ons, hulle sien wie ons is, en as ons werk-toe gaan, sal hulle, as ons terugkom vandag, met ons afreken". As gevolg hiervan het ek toe by die twee busstoppe manne gecos met vangwaens en toe die groepe nog verder verdeel in klein groepies, verstaan aan die heel onderste gedeelte van die hoofstraat. Daar het ek spesiaal 'n klompie manne gehad, want dit was waar die meeste fietsryers aangerand was. Hulle het daar gepatrolleer, en die mense het baie, baie meer aangegroei in die hoofstraat, sodat daar naderhand duisende en duisende daar om ons saamgedrom

het.

Waar? --- In Seciso-straat; dit is die hoofstraat, deur na Vereeniging-toe. Meer of min net kort voor 7-uur, is maj. van Eyl en ek gon-gou deur na Vereeniging Polisie-stasie. Intussen het daar rapporte gekom dat die Naturelle op Evaton geweldig saadron, en ook by die twee verskillende lokasies op Vanderbijlpark. Luit. Fourie en luit. van Zeden, wat saam met ons was, is toe alreeds weg na hierdie twee plekke gewees. Ons het toe hier na Vereeniging-toe gekom om te hoor wat die toestand was, en het ook met kol. Pienaar gepraat. Daar was 'n boodskap om hom dadelik te bel. Ek het net 'n paar minute hier vertoef, toe is ek weer terug na die lokasie-toe. Ek was plus/minus, om 25 minute weg gewees van die lokasie af. Toe ek daar terugkom, toe vind ek dat al die patrollies teruggetrek het. Hulle was toe hier by die Munisipale kantore, hier naby die biersaal. Daar was 'n geweldige groot saadronning van Naturelle al daaringe - die hele straat, en in die omtrek was daar net een massa Naturelle. Toe was hulle gemeng.

Hoe ver is dit nou van die ingang van die lokasie? --- Dit is by die ingang, by die Munisipale kantore. Die manne het in 'n linie oor die pad, daar gestaan, en ek sou skat in die onmiddellike nabyheid was meer of min 7,000 Naturelle gewees. Hulle was toe gemeng. Dit was nie meer slegs mans gewees nie. Daar was mans, vrouens en kinders gewees.

In dit nou die eerste keer dat jy vrouens en kinders ook gesien het in die lokasie, daardie dag? --- Dat hulle so saangedron het, ja. Hulle het vroeg die more al saangekom daar by die bushaltes, na 5-uur. Ek het

toe teruggekom, daar, en ek het geskat dat daar meer of min in die nabyheid van daardie plek, daar, ongeveer 7,000 siele was, altesaam. Baie was gewapen, en hulle het geskree, "Afrika!" geroep, uitdagend gewees. Mr. Labuschagne, die lokaal superintendant, het my daar gewys hope klippe wat daar ook bynaam gebring was. Ek het twee hope klippe daar gesien in die pad, wat daar op 'n hoop gegooi was. Hulle het ook meer af gekom van bo af, na die plek-toe. Nog meer Naturelle het gedurigdeur daarheen beweeg. Hulle wou niemand laat deurgaans soeken-toe nie, en daar is ook 'n motorkar daar stukkend gegooi, net net my aankoms, daar.

Aan wie het dit behoort? — Aan 'n Naturellesman. Ek weet nie; maar daar is 'n Naturellesman se kar daar beskadig.

Het jy die gooiery daar gesien? — Nee; net toe ek daar kom toe sê hulle vir my daar was 'n gooiery gewees. Ek het probeer die massa terugdruk, maar dit was uiters moeilik gewees. Hulle het gesê, "Ons sal julle doodmaak", en "Skiet ons", en al daardie soort van dinge. Ek het toe 'n kar gou deur gestuur na Vereniging Polisieostasie en ek het toe tien traangasboune hier laat haal. Die traangas het daar aangekom, maar in die tussentyd het ek hulle al teruggedruk tot verby die hek van die kompong; dit is nou ongeveer 50 of 60 treë dat ek hulle teruggedruk het van die kantoor af.

Hoe het jy dit ...? — Wel, die manne het maar gedruk en gedruk en gedruk, gesê "Gee pad, gee pad, gee pad" en so aan. Ons het nie geweld gebruik nie, en die voorstes het maar teruggestaan. Maar toe ons

verry die hek kon, kon ons nie verder gaan nie. Intussen het hulle daar - ongeveer 500 of 600 jong Bantoes het daar feitlik 'n soort van 'n regiment gevorm; hulle het op-en-af daar in Seeise-straat gemarsjeer, daar waar die duik is. Hulle het geskree en gesing, en fluitjies geblaas, en geweldig te kere gegaan. Die Naturelle het nog steeds aangegroei, en ek was toe bang gewees dat hulle naderhand tussen ons sal indruk. As hulle eers tussen ons indruk, sou dit 'n baie lelike ding afgegee het, en ek het toe van hierdie, vyf traangasbomme geneem en dit tussen die voorstes gegooi. Hierdie traanges het hulle toe 'n endjie weggedruk, en ons het toe ook 'n bietjie weggestaan hiernatoe. Toe was daar 'n gaping, meer of min, van 25 of 30 treë tussen ons. Hulle het in die tussentyd meer aangegroei. Ek skat net daarna was daar meer of min 10,000 Naturelle daar gewees.

Hog meer of min daar, by die Municipale kantore? --- Daar in die onmiddellike nabylheid, ja; dit was net anderkant die Municipale kantore. Maar die hele straat, sover ek kon sien, was net een massa mans, vrouens en kinders gewees - die hele straat. Maj. van Zyl het toe daar teruggekom vanaf Vereniging ...

Hoeveel man het jy toe by jou gehad? Hoeveel was julle? --- Ek praat 'n bietjie onder korreksie, maar dit was ekself daar gewees, ek sou sê omtrent twintig blankes en omtrent 36 of 37 nie-blankes. Ek het dit meer of min uitgerek.

Ja, dit maak nie saak nie. Wat van maj. van Zyl? --- Terwyl ons nog daar gestaan het, was ons feitlik aan die een kant van die streep gas, daar, en die

---Naturelle ---

Naturelle was aan die ander kant van die streep gas. Hulle het natuurlik in die tussentyd vir ons uitgetart en te kere gegaan, kleries geswaai en "Afrika!" geskree. Toe het maj. van Zyl daar gekom. Ek het hom toe gesê dat ek daar gas gegooi het en so aan. Hy het dit toe goed gedink dat ons hulle moet probeer verder wegdrak. Ons het om die gas gegaan. Party het deur die gas gestap en hulle so'n bietjie verder probeer terugdryf, maar ons kon nie meer as onttrent 30 treë vorder nie. Toe was die massa so dik, hulle wou nie verder beweeg nie. Ons het daar gestaan. Toe het daar 'n berig gekom dat 5,000 Naturelle Vanderbijlpark inmersjeer, en maj. van Zyl het gesê ek beter deurgaan Vanderbijlpark-toe en daar oorneem. In die posisie het ek hom toe daar gelaat, en ek is toe deur Vanderbijlpark-toe.

- VERDAAG: 4.25 n.m. -
tot 13 April 1960 om
10.00 v.m.
